

20 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 23 en 24

Fokusgedeelte: 1 Samuel 24

Dawid spaar Saul se lewe

Toe Saul hom in 'n grot bevind waar Dawid en sy manskappe skuil, por hulle Dawid aan om Saul dood te maak. Maar Dawid swig nie voor die versoeking nie. Met swaard in die hand sluip hy wel na Saul toe om ongemerk die punt van sy mantel af te sny. Toe pla sy gewete hom egter só, dat hy vir sy manne sê: "Mag die Here my daarvan bewaar dat ek my hand teen my koning, die gesalfde van die Here, oplik" (24:7).

Dawid weier om eiewillig op te tree. Hy wag rustig in die geloof op die Here. Daarom het hy die moed om agter Saul aan te loop om vir hom te sê: "Die Here sal my wreek op u, maar ek sal nie teen u wees nie" (24:13). Hierdie pragtige geloofsbelydenis, wat die Heilige Gees in Dawid se hart bewerk het, het Saul in tranen laat uitbars. Al was dit nie tranen van berou en bekering nie, was dit tog tranen wat Saul beweeg het om Dawid se lewe te spaar.

God se wagtyd is nie vermorsingstyd nie, dis geloofversterkingstyd. Soos Jesaja sê: "Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag" (Jes 40:31 OAV). En as die wagtyd te lank word? Dink dan aan ons Here Jesus wie se lewe op aarde een groot wagtyd was - 'n wag op die kruis, opstanding, hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees! Ja, deur die krag van sy Gees stel Hy ons in staat om op die Here te wag, meer as wagtters op die môre (Ps 130).

Sing: Psalm 130:3

Dr CJ Malan (Emeritus)